*PAUL ALTHAUS, Die Letzten Dinge,* 5. Auflage, 1949. C. Bertelsmann Verlag, Gütersloh.

Die eerste uitgawe van hierdie groot „Leerboek oor die Eskatologie", oor die teologie van „Die Laaste Dinge", het alreeds in 1922 verskyn; die derde, nuut-omgewerkte uitgawe in 1926; die vierde, nuutgeskrewe uitgawe (waarvan die vyfde 'n byna-onveranderde afdruk is) in 1933. *F. HOLMSTRÖM* het in sy boek oor die „Eskatologiese Denke van Vandag" in 1935 'n vergelykende oorsig van die verskillende uitgawes van hierdie werk, asook 'n kritiese waardering daarvan in die omlysting van die moderne ondersoek oor die eskatologie gegee.

Die eerste grondgedagtes van hierdie boek oor „die laaste dinge" het dus gedurende die Eerste Wêreldoorlog ontstaan toe *ALTHAUS* as opgeleide teoloog en privaat dosent aan die Universiteit van Göttingen, siekeverpleër in Pole was; dit is dus verder uitgebrei en verdiep gedurende die historiese krisistyd vanaf 1930 tot en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog.

En nou is dit só dat juis in hierdie krisistye, in hierdie tye van internasionale en nasionale spanninge, in hierdie tye van „oorloë en gerugte van oorloë", in hierdie voorlopige en voortlopende gerigte van God . . . dat ons blik gerig word op, én ons gedagtes besiggehou word met die uiteindelike einde, met die finale gerig van God oor die wêreld.

Die Bybel (bv. in Markus 13:7 & 8 en baie gedeeltes van die Profete) dring ons daartoe; maar ook nie-christene kom in hierdie krisistye op een of ander manier daartoe om hulle met „die laaste dinge" in hulle gedagtes besig te hou.

Die eienaardige van hierdie situasie is dat dit gewoonlik die sektariese groepe en rigtinge is (en nie die *Kerk* nie) wat breedvoerig en kragtig oor hierdie laaste dinge, oor hierdie wêreldeinde en wêreldgerig spreek. Miskien hang dit saam met die geskiedenis van die Kerkhervorming dat dit so is, bv. die reformatore se stryd teen die

geesdrywers en Anabaptiste; miskien ook met die innerlike wese en struktuur van die Sekte. Dit is bv. opvallend dat die *Chiliasme* byna altyd saamhang met 'n depresiasie van die werklikheid én die protestantse begrip van die *Kerk*.

Gelukkig vorm die boek van *ALTHAUS* 'n uitsondering op hierdie byna-algemene reël, want *ALTHAUS* is nóg in kerklike, nóg in teologiese, nóg in wetenskaplike sin 'n *„Schwärmer"*; hy is geen spiritualis, spiritis, okkultis, theosoof, antroposoof, misticus of chilias nie, maar reformatoriese teoloog. Dit is van hieruit, vanuit die Woord van God, dat hy oor „die laaste dinge" wil spreek. Hy stel dit baie duidelik in sy „Einleitung". „Eskatologie is . . . . die leer van die laaste dinge . . . . d.w.s. oor die Laaste, die Uitgang, die Einde. Maar nie alle uitsprake oor die einde van die mens, die mensheid en die wêreld is eskatologie nie soos bv. die natuurwetenskaplike hypoteses oor komende wêreldkatastrofes óf die geskiedsfilosofiese prognoses oor die ondergang van kulture en kultuurkringe . . . . Die eskatologie is nie biologies of fisies te sien nie, maar vanuit die *telos*, die einde, wat van God kom en van Hom te verwag is. Eskatologie is teologies".

*ALTHAUS* het in die uitvoering van sy taak 'n geweldig-moeilike weg. Sy eerste taak is naamlik om hom duidelik op hoogte te stel met, én af te grens téén wat ons die wetenskaplik-kerklik-teologiese „sektarisme" genoem het.

Sy tweede taak, wat noú met bogenoemde saamhang, is nl. die uitwerking op bybels-reformatoriese lyn, van hierdie leerstuk wat so lank half-verwaarloos was en tog baie belangrik is. Maar hiermee kom *ALTHAUS* alreeds dadelik te midde van 'n hele kompleks van baie belangrike oue en hedendaagse teologiese probleme te staan. Daar is bv. die vraag na die hantering van die Skrif in hierdie dinge, sy uiteensetting met *BULTMANN, CULLMANN,* die biblisisme ens.; daar is verder ook die moeilike vrae dood, onsterflikheid en opstanding, van die Antichris en die dialektiese spanning tussen tyd en ewigheid, tussen die gerig wat altyd vóór ons is én die gedurig teenwoordige gerigservaring ens.

Wat egter van groot belang is, is dat *ALTHAUS* hierdie dinge nie in chiliastiese of apokalyptiese dwepery behandel nie, maar vanuit die stoer, strenge en wetenskaplike begrip van die pauliniese regverdiging.

Ons het hier 'n deeglike wetenskaplike handboek oor 'n baie belangrike onderwerp.

B. J. ENGELBRECHT.